
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Ossewabrandwag is nie net gewillig om die vryheid te ontvang nie.*

# Die O.B.



*Die Ossewabrandwag is bereid om sy offers vir die vryheid te bring.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 4 MAART 1942. No. 17.

## Gedissiplineerde Afrikanerdom Aanvaar Sy Vryheidstaak

**Vrydagaand, 27 Februarie, om agt minute oor nege het die gedissplineerde Afrikanerdom die volgende plegtige vryheidsverklaring binne die ligkring van die vryheidsvuur aangehoor en het hy met 'n gelofte die taak aanvaar om die vryheid van die Boerevolk te herower:**

Oomblikke van groot gevaar en groot onsekerheid oor die toekoms het meermale in ons Volksgeskiedenis voorgekom. So was dit die aand voor Bloedrivier se slag en so was dit in die oggendskemering voor Majuba. So is dit ook vandag, in die begin van 1942.

Soos ons vadere destyds in vertroue op God, vol moed en offervaardigheid, die stryd aangebind het, desnoods tot in die dood toe, so wil ook ons sonder vrees of blaam ons plig doen. Ons ken net een aardse trou en net een liefde — **DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.**

As ons die stryd gewonne gee, is die Vryheidsvlam van Majuba geblus. En as die Regbank van die geskiedenis, wat hoër staan as die regbanke van die Empire, eendag vra waarom die vryheidsvlam geblus is, sal dit daardie vraag aan ons geslag stel. **Aan die Ossewabrandwag sal daardie vraag deur die geskiedenis gestel word, want die Ossewabrandwag is die fakkeldraer van die Republiek.**

Ons gaan so optree dat ons daardie vraag voor die regbank van die geskiedenis kan antwoord sonder vrees of blaam.

Man en vrou en kind gaan ons die Republiek dien, in ons huise, in ons samekomste, in ons werk. In ons vryhede en in ons gevangenisse.

Ons het in die Ossewabrandwag die eed gesweer dat ons ons mede-Afrikaner nie in die steek sal laat nie en hom nie aan die vyand sal uitlewer nie. En daardie eed gaan ons waaragtiglik hou. EEN VIR ALMAL, ALMAL VIR ELKEEN. Ons erken nie net broederskap maar ook hoederskap, en ons stry uit liefde, nie uit haat nie.

Dieselfde God wat in 1838 en 1881 die Vryheidsideaal laat seëvier het, sal ook met genade neersien op ons van 1942, wat die stryd van ons vaders wil voortsit.

Daarom doen ons nou, gesamentlik en afsonderlik, die plegtige gelofte dat ons die stryd vir die onafhanklike Republiek nie sal staak nie en nie in die steek sal laat nie.

Waar ons vadere dit met wapengeweld gedien het, sal ons dit dien met toewyding en desnoods met lyding, na ons beste vermoë.

Ons sal sterk wees en vol moed, want die Here onse God is met ons, oral waar ons gaan.

Die vlam brand nou dwarsdeur die land en ons is met ons broers en susters elders in een groot band saamgesnoer. Majuba is die simbool van ons Vryheid; Majubaberg staan op ons wapen. Majubavlam bly Vryheidsvlam!

### *VROUE SING WANNEER HUL MANS GEVANG WORD*

Volgens berig in die pers is oor die naweek van 15 Februarie twaalf Afrikaners in Vryburg deur die polisie in hegtenis geneem. Onder hulle is talle boere asook 'n generaal van die Ossewabrandwag.

Meeste van die inhegtenisnemings het die Sondag plaasgevind. **Maandagoggend het die vroue van die gevangenes op 'n vragwa wat met vlae versier was, deur die strate gery en Afrikaanse volksliedere gesing.**

**Die optrede van hierdie brawe vroue laat 'n mens terugdink aan die dae van die Tweede Vryheidsoorlog toe die geesdrif van die vroue dit vir die Engelse naderhand onmoontlik gemaak het om die mans in Kaapland in hegtenis te neem.**

## MAJUBA

Vanuit Britse oogpunt beskou was die slag van Majuba nie 'n blote wapenfeit wat maar op die doodboek geskryf kon word nie. Dit was ook nie net 'n beslissing wat die vryheid van Transvaal herstel het nie, maar dit was 'n terugslag vir die strewe na Britse heerskappy in Suid-Afrika. In 'n tydperk toe hierdie politiek langs die weg van geweld op Afrikaanse bodem deurgevoer moes word, was dit so 'n terugslag vir die Britse strewe dat dit 'n bykomende motief aan die latere aanslag op die twee Boere-republieke verskaf het — die motief van weerwraak.

Vanuit Boere-oogpunt beskou was die oorwinning van Majuba nie 'n gedenkwaardigheid wat net vir die Transvaal van betekenis was nie. Dit was 'n gebeurtenis wat die toekoms van die Afrikanerdom in Suid-Afrika beslis het. Daaruit is gebore nie alleen die selfstandigheid van die Transvaal as Boerestaat nie, maar is die bande van bloed oor die lengte en breedte van ons land heg gesmee. Nasionale trots het in die hart van die Boerevolk ontwaak en voortaan sou die Brit nie meer net met die volk van een of ander Afrikaanse republiek te doen kry nie, maar sou hy te staan kom teen die verset van die ganse Boerevolk as bewusgeworde nasie.

In 1902 is die vryheid van die Boerenasie by Vereeniging weggeteken. Uit daardie onheil is die geografiese eenheid van die Afrikanervolk gebore en in die afgelope jare het ons ontwikkel tot 'n volkseenheid wat deur geen provinsiale skeidslyne meer verbreek kan word nie. Aangevuur deur die groothede van ons volksverlede staan die Afrikanervolk vandag beslis om sy geskonde vryheid weer te herstel soos ons vaders dit by Majuba gedoen het. In die oog van die Brit was hulle niks anders as rebelle teen hul wettige regering nie, en Engelse blaaie het selfs gesinspeel op die koeël deur die lyf van die Boeregeneraal wat die opstandjie sou beëindig.

Vir daardie mense was dit alles of niks. Hulle het oënskynlik hul hele vermoë en toekoms as volk in die weegskaal gewerp wat in hul geloof net na die oorwinning-kant sou deurslaan. Baie het hulle seker ook beskuldig dat hulle dobbel met hul volk se toekoms.

Dit is in dieselfde gees dat die gedissiplineerde Afrikanerdom op 27 Februarie die vryheidstryd heraanvaar het. Vir ons is dit 'n saak van die lewe van ons volk. Verloor ons, word ons toegeploeg deur immigrante van oorsee. Wen ons, het ons die lewe van ons volk verseker, die strewe na Britse heerskappy die nekslag toegedien en die eeulange stryd teen Groot Brittanje vir goed beëindig.

Majuba sal herleef.

### KAAPSTAD SE GELOFTE

Die vryheidsaanvaarding deur die Skiereilandse Kommando's van die Ossewabrandwag op die aand van 27 Februarie te Bellville was 'n indrukwekkende plegtigheid wat elkeen van die tweeduisend aanwesiges diep getref het. Onder gespeel van die Majuba-lied deur die blaasorkes het die groot skare die gelofte in stilte afgelê onderwyl die vryheidsvuur al hoër opgeflikker het. Op dieselfde tyd is op Tafelberg ook 'n vuur aangesteek.

Die volgende verklaring is deur die bevelvoerende offisier in verband met die skietery op Johannes van der Walt voorgelees en deur die aanwesiges met 'n hulde-saluut aanvaar:

Johannes van der Walt is geskiet en lê in die hospitaal in 'n ernstige toestand.

In die oomblik van sy lyding trek ons 'n sluier oor die jongste verlede . . . . As ons ver vorentoe kyk, bly sy saak nog altyd ons saak . . . . en ons saak sy saak. Ons sien hom weer as 'n groot sportman wat ons volk se naam om die wêreld gedra het.

Hy behoort aan ons, aan ons verlede, aan ons hede — en aan ons toekoms. Sy lyding is ook ons lyding omdat dit aan hom gebring is deur diegene wat meer as 'n eeu lank die smarte van ons volk gesoek en vermenigvuldig het. Hierin is hy en ons **een.**

Ons wil erkentlik wees en hier sê dat sy ongeluk voortgekom het uit aktiewe deelname aan die Afrikanersaak. Daarom roep ons nou die kommando's op die saluut — as huldeblyk aan die diens en die beproewing van 'n Afrikaner.

*WORD INTEKENAAR OP ONS BLAD*

# Schoemannello-Drank

**is**

***DIE SUIWERSTE EN BESTE.***

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jerepiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 6/9 | 6/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**SCHOEMANNELLO-DRANK**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**


# *Behandeling In Tronk Van Politieke Gevangenes*

## *Genl. Jerling Oor Vergeefse Pogings Om O.B. te Breek*

**Besonderhede oor die behandeling van persone wat vir ondervraging in verband met beweerde ondermynende bedrywighede en sabotasie in die Sentrale Gevangenis, Pretoria, aangehou is, is deur genl. J. D. Jerling, Asst.-kommandant-generaal van die O.B. in Transvaal, verstrek toe hy 'n groot O.B.-vergadering in die stadsaal van Springs toegespreek het.**

Genl. Jerling het verklaar dat hy sy inligting uit die betroubaarste bron het en dat die Departement van Justisie dit nie sal durf ontken nie. In die gevangenis word tans nagenoeg 200 persone aangehou. Geen klag is teen hulle opgestel nie en baie van hulle weet nie eers waaroor hulle aangehou word nie.

**Elke oggend ontvang hulle 'n stuk droë mieliepap, sonder melk of suiker, met of sonder 'n beker swart koffie. Smiddags ontvang hulle sleggekookte aartappels en vleis wat oneetbaar is. Saans kry hulle 'n gebrou wat bestaan uit mieliemeel en semels en tweemaal per dag kry hulle droë beskuit.**

Indien hulle geld by hulle het, word hulle toegelaat om deur die bewaarders kos te koop, maar hulle moet ongehoorde pryse daarvoor betaal. Hulle word nie toegelaat om kos van buite die tronk te ontvang nie.

**,,Wat nog erger is,'' het genl. Jerling verklaar, ,,is dat die persone slegs een uur per dag uit hul selle gelaat word vir ontspanning. Vir die ongeveer 200 van hulle is daar slegs twee gemakhuise en almal moet daarvan gebruik maak gedurende die uur wat hulle vir ontspanning uit hul selle gelaat word.''**

Voorts het genl. Jerling verklaar dat hierdie persone gereeld onder kruisverhoor geneem word. Hulle word voortdurend bedreig met die woorde: ,,Onthou, ons kan jou hier tien jaar hou as ons wil.'' Meer as twee maande lank is niemand toegelaat om hulle te besoek nie. Nou egter — sedert verlede week — word hulle eggenotes toegelaat om hulle eenmaal per week in die aanwesigheid van 'n bewaarder te sien.

,,Ek daag die Departement van Justisie om hierdie feite te ontken,'' het genl. Jerling verklaar en daaraan toegevoeg dat hierdie vernedering van Afrikaners sal voortduur solank as die Afrikanerdom verdeeld en magteloos is.

Ten aanvang het adv. Jerling verklaar dat die O.B. opdrag gegee het dat geen van sy lede hom aan sabotasie skuldig mag maak nie. Meer as twee jaar lank het die O.B. meer as die polisie gedoen om die orde en vrede te handhaaf. Die dank wat die O.B. daarvoor ontvang, is internering van sy lede wat bepaald nie ,,rampokkers'' is nie, en 'n ,,offensief'' van die kant van sy mede-stryders om 'n republiek.

### ,,ALMAL SE SKYF''

Die O.B. is vandag die skyf waarna almal skiet, het hy vervolg. Aan die een kant is maarskalk Smuts en sy waarheidsridders en aan die ander kant dr. Malan en sy trawante. **Hy (spr.) kan die versekering gee dat daar nooit in die Grootraad van die O.B. 'n verkeerde woord teen dr. Malan gesê is nie en dat daar nooit getwyfel is wie die eerste president van die komende republiek sal wees nie. Die enigste uitsondering is die woorde van ds. C. R. Kotze, net voor hy uit die Grootraad gestap het; hy het gesê dat dr. Malan nie ,,sy idee van 'n leier is nie.''**

Voorts het genl. Jerling verwys na die Herenigde Party se Transvaalse orgaan se bewering as sou reeds meer as 4,000 persone uit die O.B. sedert die s.g. ,,wapenstilstand'' bedank het. Hy het verklaar dat hy hierdie blad daag om die volledige lys met adresse te plaas. Die O.B.-hoofkwartier weet niks van hierdie bedankings nie en kan die versekering gee dat uit die 130,000 lede van die O.B. in Transvaal nie meer as twee persent sedert die ontstaan van die H.P.-rusie uit die O.B. bedank het nie. **So vinnig groei die O.B. egter dat sedert die H.P. se offensief die getal lede al met 10 persent gestyg het.**

,,Nóg dr. Malan, nòg veldmaarskalk Smuts sal die O.B. breek,'' het hy verklaar en vervolgens verwys na die behandeling wat persone wat vir ondervraging aangehou word, in die Sentrale Gevangenis ontvang.

Solank as wat die Afrikanerdom verdeeld is, sal die vernedering van Afrikaners voortduur, het hy gesê, en daaraan toegevoeg dat die O.B. niks van die H.P. wil hê nie. ,,Ons vra hulle alleen om ons met rus te laat en as hulle nie van ons hou nie, om hulle nie met ons sake te bemoei nie. Hulle kan hulle strydspannetjies organiseer en doen wat hulle wil, solank hulle nie ons sake wil belemmer nie,'' het hy besluit.


# £1000 vir u Oë

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

## DUWAS

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, Adderleystraat, Kaapstad. (Posbus 2760.)

Maitlandstraat 37A, Bloemfontein. (Posbus 765.)



# SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

**LENINGS** vir die gesalarieerde man verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

***Raadpleeg Sasbank.***

**PAARL:**

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327, Posbus 266.

**KAAPSTAD:**

Parlementstraat 32, Posbus 2387.

**WORCESTER:**

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

# Partyleier Erken Dat Net Kwart Van Afrikanerdom Hulle Volg

## Hoop Egter Om Uitgedryfdes Weer Terug te Kry deur nog Meer te Verban

Op die Skiereilandse sirkelkonferensie van die Herenigde Party het dr. Karl Bremer volgens berig in Die Burger verklaar „dat die Herenigde Nasionale Party nie gaan rus voordat hy met sy organisasie die **hele Afrikanerdom** insluit nie. Elke Afrikaner moet individueel bearbei word, **en binnekort moet die ledetal van die Party op VIER KEER sy huidige sterkte staan.**"

Hierdie verklaring van 'n persoon wat selfs genoem word as die opvolger van dr. Malan, beteken dus eenvoudig dat die Party vandag op sy beste **maar 'n kwart van die Afrikanerdom** omsluit. Sy doel is om die hele Afrikanerdom te omsluit en daarom gaan hy hom inspan om die ledetal **binnekort op vier keer sy huidige sterkte te bring!**

Watter reg het die Partyleiding dan nog om daarop aanspraak te maak dat hulle die Afrikanerdom se Party verteenwoordig en dat hul leier die volksleier is wanneer hulle openlik erken dat driekwart van die Afrikanerdom nog nie by hulle staan nie?

As 'n mens verder in aanmerking neem dat die hele Afrikanerdom ná 4 September **wel by hulle gestaan het,** maar dat die res daarna „afgeskilfer" het, is hierdie woorde ook **'n erkenning dat die leierkorps van die Herenigde Party daarin geslaag het om driekwart van sy ondersteuners uit die Party te verwilder.**

Maar hoe hulle daarin gaan slaag om hierdie uitgedryfdes weer te omsluit **terwyl hulle tans nog besig is met 'n verdere suiweringsproses teen hul eie ampsdraers wat totsover nog aan hulle bly vasklef het,** is 'n vraag wat selfs die vindingryke optimisme van 'n Tyl Uilspieël te bowe sal gaan.

## OFFERVAARDIGE VERGADERING IN NATAL

'n Ossewabrandwag-byeenkoms het met groot sukses afgeloop in die hoofkommandantskap van mnr. A. Adendorff (generaalskap van mnr. C. A. Pienaar) op die plaas van oud-Senator A. T. Spies.

Voor die verrigtinge begin het, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en geselskap onder leiding van genl. Spies, die slagveld en monument by Bloedrivier — wat naby is — gaan besigtig.

'n Erewag van vroue en mans het die Kommandant-generaal ingewag toe hy op die terrein verskyn. Die vroue het vir die eerste maal in hul eenvormige kleredrag verskyn en die vroue-erewag onder bevel van hoofkommandante Hettie Steenkamp het 'n flink vertoning gemaak.

Ná die toesprake het A.K.G. O. L. Nel met die oog op hulp aan die afhanklikes van geïnterneerdes 'n beroep op die gehoor gedoen om geldelike bydrae vir 'n blitsnel-kollekte te gee. **Binne 10 minute het die gehoor die bedrag van £43 gestort. Selfs kindertjies het met hul sjielings en halfkrone gekom as huldegeskenkies vir hul geteisterde broertjies en sussies in die Transvaal.**

## Nog 'n Politikus Slaan Bolmakisie

### Stel Nou Mosies Voor Teen Wat Hy Self Aanvaar Het

Volgens berig in Die Burger van 24 Februarie het mnr. P. Hamersma by geleentheid van 'n openbare vergadering op Douglas 'n mosie voorgestel wat „die sterkste afkeuring oor die O.B.-boikot teen die Nasionale Pers" uitspreek. 'n Paar dae tevore het hy op De Aar verklaar dat hy as generaal van die Ossewabrandwag bedank het omdat hy weier om „die nuwe O.B.-eed" af te lê. Ons weet van geen so 'n nuwe eed nie. Al wat gebeur, is dat offisiere gevra word of hulle hul nog hou aan die eed wat hulle by hul toetrede afgelê het.

Maar op De Aar het mnr. Hamersma ook as rede genoem die sogenaamde boikot. Hy het gesê die O.B. gaan nou te ver, en het dit vergelyk met 'n soldaat wat op sy kaptein skiet!

Dit sal meer as 'n mensekenner neem, en ons meen dat dit die taak van slegs 'n partypolitieke kenner sal wees, om mnr. Hamersma se optrede in die lig van feite te verklaar. **Hy het die volste geleentheid gehad om daardie dinge wat hy nou teen die Ossewabrandwag sê en die mosies wat hy op partyvergaderings stel, voor die Kaaplandse Beheerraad van 22 Januarie te lê. Hy was teenwoordig op die vergadering toe die saak ter sprake gekom het, maar hy het geen mosie ter afkeuring op die tafel gelê nie. Hy het nie eers mondelings beswaar teen so 'n optrede gemaak nie. Nee, meer nog, hy het dit uitdruklik goedgekeur! Die aangeleentheid is in sy teenwoordigheid druk bespreek, maar voordat daaroor gestem is, het hy verlof van die voorsitter gevra om te gaan, aangesien hy nog sy trein moes haal. Met die uitstap het hy die vergadering gegroet met die woorde: Jammer ek moet gaan; EK STEM HONDERD PERSENT SAAM."**

Nou stel dieselfde „honderdpersenter" in sy kiesafdeling mosies van afkeuring voor oor sy eie besluite waar hy in teenwoordigheid van mnr. Eric Louw en ander politici beweeg!

VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!

*Fondse oorskry £1,500,000.*

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

BELÊ U GELD
waar dit van
3½% tot 5%
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
SPOORBOND-KAS BEPERK
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*
Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*

DIE TROTS VAN ELKE BOER
• Sy Eie Besigheid
• Bediening in Sy Eie Taal
• Deur Sy Eie Mense

*Grys Sajet Broeke 29/6*
*Groen O.B. Halsdoeke 2/- elk*
*Withemde 8/6 „*

*ONS SUKSES IS U SUKSES*

*TAKKE OP:*
Kaapstad,
Johannesburg,
Benoni en Vereeniging

UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
GEREGISTREER ONDER WET NO. 28 VAN 1922.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

DIE O.B., WOENSDAG, 4 MAART 1942.

# *Inderdaad Gemeen*

Na aanleiding van die stuk van dr. Jack Loock wat deur Die Burger 'n tyd gelede uit Die Suiderstem oorgeneem is waarin hy van dr. Van Rensburg as sy bondgenoot praat — net soos dieselfde blad ook van dr. Malan as 'n bondgenoot teen die Ossewabrandwag praat — en daarby melding maak van 'n glasie bier wat hy en sen. Conroy saam met dr. Van Rensburg sou gedrink het, het daar heelwat skrywery in Die Burger plaasgevind. Daar is ruimskoots gepraat van „die biertafel" waarom dr. Van Rensburg saam met Regeringsmanne aangesit het. Selfs in die Parlement is elke verwysing na dr. Van Rensburg van Herenigde Party-kant af begroet met 'n tussenwerpsel van „biertafel", „kroegmaat" of dergelike laakbare insinuasies. **Op navrae van lesers het Die Burger per voetnoot sonder meer herbeklemtoon dat dr. Van Rensburg wel saam met die Sappe bier gedrink het.**

In Die Burger van 21 Februarie doen mej. Lida Joubert van Wolseley 'n verklaring van die voorval as een van die persone wat teenwoordig was. Haar verklaring, wat sy bereid is om onder eed te doen, kom daarop neer dat sy en mev. Van Rensburg saam met dr. Van Rensburg van Die Strand af na die stad gekom het. Dr. Van Rensburg, wat nog besigheid gehad het, het met hulle afgespreek om hulle ses-uur die aand by 'n sekere hotel te kry. Die sitkamer van die hotel was baie vol toe die twee dames daar aankom, maar na 'n rukkie se wag kry hulle plek by 'n tafel. **Nadat hulle reeds gesit het, het 'n sekere mnr. Kuscke in geselskap van sen. Conroy en dr. Loock opgedaag en gevra of hulle ook aan die tafel kan sit. Na 'n rukkie het dr. Van Rensburg van buite af ingekom, en is toe aan dr. Loock voorgestel.** Hoewel hy haastig was, het hy op versoek van mnr. Kuscke eers 'n glasie bier gedrink, waarna hulle almal by dieselfde deur uit is.

In sy voetnoot skryf Die Burger hierop dat hierdie voorval „seker minder mense geïnteresseer het as sy opmerking oor dr. Van Rensburg as bondgenoot."

Nou dat 'n dame hierdie kwaadwillige insinuasie die kop inslaan, nou is dit skielik iets wat baie min mense interesseer. Waarom het Die Burger dan nie al aan sy eerste „biertafel"-korrespondente gesê dat hulle die koei aan die stert beet het nie? Waarom het hy dit toe eers probeer bewys as 'n waarheid?

Nou is die enigste betekenis van die hele Loock-verklaring glo die woordjie bondgenootskap, en dan wel 'n bondgenootskap wat nie in teenwoordigheid van twee dames in 'n hotel se sitkamer tot stand gebring is nie, maar wat berus op die blote feit dat hulle 'n gemeenskaplike aanvaller het in die persoon van dr. Malan, wat die O.B. sowel as die Regering beveg.

**Net soos die meeste aantygings teen die O.B. is ook hierdie laakbare insinuasie bedoel om net vir 'n klein tydjie losgelaat te word en sy verderf aan te rig voordat die waarheid hom agterhaal.** Hierdie verdagmaking het egter te lank in Die Burger se meningskolomme — en selfs hoofartikels — gedraal en voordat hy hom uit die voete kon maak, is hy deur die waarheid agterhaal. Die Burger probeer hom nou te verontskuldig met die vrome ophaal van skouers: „Dit was nie eintlik so bedoel nie, dis maar min mense wat dit so opgevat het."

**Ongelukkig is nie alleen die H.N.P.-parlementslede ook van daardie „minder mense" nie, maar Die Burger self ook!**

**Die Burger het probeer voorgee dat dr. Van Rensburg oor 'n glasie bier 'n agterafse ooreenkoms met min. Conroy aangegaan het teen dr. Malan.** So skryf hy in sy hoofartikel van 26 Januarie onder die opskrif Gemene Strydmetodes as volg:

„Daar het altans 'n paar dinge gebeur wat mekaar opgevolg het op 'n wyse wat beswaarlik aan blote toeval toegeskryf kan word. **In die eerste week van die sessie het 'n SAMESPREKING tussen dr. Van Rensburg en min. Conroy plaasgevind.** In die week daarop bedank hierdie Minister in die Volksraad dr. Malan vir die kastig nuttige inligting oor die O.B. wat hy veral in sy Paarlse toespraak aan die Regering verskaf het."

Die Burger bou 'n artikel op om te bewys dat dr. Van Rensburg eintlik die Stormjaers by die Regering verraai het, toe 'n samespreking met min. Conroy gehad het waar kwansuis ooreengekom is dat sen. Conroy die skuld op dr. Malan moet werp. **En hierdie artikel met sy gruwelike inhoud bou Die Burger op die valse onderstelling dat daar 'n samespreking tussen dr. Van Rensburg en sen. Conroy was!**

Nou blyk dit dat daardie „samespreking" geen samespreking was nie, maar dat dr. Van Rensburg afgekom het op 'n geselskap in 'n openbare plek waar 'n groepie gaste, onder wie twee dames, gesit het.

Hierdie verregaande uitbuiting van 'n onskuldige voorvalletjie deur die Partyleiding is maar net 'n tipiese voorbeeld van die hele veldtog teen die Ossewabrandwag en sy leiding. **Daar kon nog nooit 'n enkele bewys vir die aantygings gevind word nie. Alles berus op verdagmaking net soos die berugte „bewys" dat die Ossewabrandwag met die Regering skakel omdat daar glo 'n reeks skakels is, maar wat terselfdertyd ook die bewys inhou dat Smuts met Duitsland skakel!**

Hierdie metodes — waarvoor daar geen paslike byvoeglike naamwoord in ons woordeskat te vinde is nie — toon nie alleen die swakheid van die Partyleiding se saak nie; dit toon hoe sterk en **onaantasbaar** die Ossewabrandwag inderdaad is — **so onaantasbaar dat sy vyande niks teen hom kan inbring nie, maar die toevlug moet neem tot spinnekopagtige gifsuiery en weersinwekkende verdagmakery.**

# O.B. Help 135 Gesinne Met £1100 Tot op 11 Februarie

## Hoe Noodhulpfonds Bestee Word

Ons is in staat om die volgende verslag te doen van die besteding van die fonds vir noodleniging aan die afhanklikes van geïnterneerdes. Dit geld die bydrae wat tot op 11 Februarie ontvang is, en £1,395-9-8 beloop.

Hulp is verleen aan 121 nuwe gevalle ten bedrae van £990-11-0 en 14 ou gevalle ten bedrae van £108-10-0 — 'n totaal dus van £1,099-1-0. Dit beteken 'n gemiddeld van £8-3-4 per geval per maand.

Die grondslag waarop hulp verleen word, is £5 per maand aan 'n getroude vrou sonder kinders en waar daar kinders is, 'n bykomende bedrag van £2-10-0 per kind tot die maksimum bedrag van £12-10-0.

Alle gevalle word deeglik ondersoek, en waar moontlik word gepoog om die vroue in een of ander werkkring te plaas. Geldelike hulp word slegs in noodsaaklike gevalle verleen.

## SOEKTOG NA VERKLARINGS BY VOORTVLUGTIGES

Na verneem word, is sekere partypolitici tans naarstiglik op soek na voortvlugtiges ten einde nog meer beëdigde verklarings van hulle te kry. Waar hulle van 'n persoon verneem wat op vlug is uit die interneringskamp of uit die kloue van die Smuts-inkwisisie, probeer hulle hom opspoor en 'n verklaring teen die Ossewabrandwag kry.

Die vraag wat by elke regdenkende persoon opkom, is waarom hierdie mense dan juis beëdigde verklarings by **voortvlugtiges** gaan soek. Is daar dan nie tienduisende ander O.B.-lede wat genader kan word nie? Kan daar dan geen skokkende verklaring gekry word van diegene wat dan daeliks uit die O.B. sou bedank nie? **Waarom juis voortvlugtiges?**

# BEDANK NOU DAARVOOR!

Volgens verslag in Die Burger het adv. F. C. Erasmus onlangs op Vryburg met verwysing na die verkryging van 'n republiek gesê: „Ek bedank vir 'n republiek wat Brittanje of Duitsland ons sal gee, want hy sal lyk soos hulle hom wil hê . . . Daardie republiek lê op die pad waarop die stembus is."

Voordat die Partyleiers met hul rusie teen die Ossewabrandwag losgebreek het oor die vraag wie die republiek gaan bring, het hulle vuriglik gehoop op wat adv. Erasmus nou voor bedank.

Volgens Die Burger van 18 Julie 1941 het dr. Malan op Graafwater die metode waarlangs ons die republiek kan verkry, behandel en as volg beduie **nadat hy uitdruklik verklaar het dat Engeland die oorlog klaar verloor het:**

**„Ons kan aanneem dat as Duitsland die oorlog wen, hy die Britse Ryk sal wil verswak. Dit sal hy doen deur daarop aan te dring dat die volke binne die Ryk wat vry wil wees, van die Britse Ryk losgemaak word. OP HIERDIE PUNT STEM DIE DUITSE BEGEERTE EN ONS STREWE OOREEN."**

Hy verklaar dan verder dat Duitsland met die Herenigde Party as 'n vriendskaplikgesinde regering sal onderhandel, en sluit af met die woorde: **„Dit is ons hoop en vertroue in hierdie krisisuur van ons volksgeskiedenis:** 'n republiek verkry sonder 'n burgeroorlog en vry van inmenging deur enige ander land ter wêreld, ook Duitsland."

Toe was 'n republiek wat Duitsland ons sou gee, nie alleen in ooreenstemming met ons strewe nie, maar ons enigste hoop. Nou egter, dat dit lyk of dit nie meer die Herenigde Party is wat Duitsland as die „vriendskaplikgesinde regering" met wie onderhandel moet word, sal beskou nie, bedank die Partyleiers vir so 'n republiek, en verkies om die pad van die stembus te volg — ons sal blykbaar moet stem of Duitsland die oorlog moet wen of nie! — **en dit nadat hul leier self beklemtoon het dat „Engeland nie besig is om die oorlog te verloor nie, maar dat hy hom klaar verloor het!"**


## KAROO-MIS

**EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS**

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer . . . . . . | 27/- |
| 20 ton en meer . . . . . . | 26/- |
| 40 ton en meer . . . . . . | 25/- |
| In klante se sakke . . . . . . | 18/- |

Bostaande pryse per ton van **twaalf** goeie sakke, gelewer Uniestasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hamermeul-gemaal, spesiaal voorberei vir enige kunsmistoestel. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld; geen onkruid. Monsters op aanvraag. Beste gehalte onbewerkte mis 8/6 per ton, £4-13-6. ES trok gelewer aan bona fide boere. Onmiddellike aflewering.

K.m.b. of k.b.a.

**B. J. ROODE,**
**Posbus 15, KLIPPLAAT.**

## KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD

**Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.**

E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Ossewabrandwag Bereid Sy Offers Vir Vryheid Te Bring

## Dr. Van Rensburg Waarsku Met Belofte Teen Mishandeling van Gevangenes

**,,Dit is onnodig om aan te toon dat ons in gevaarvolle tye leef. Oor die duisend Afrikaners, meestal jongmanne, is in die afgelope weke in hegtenis geneem en baie van hulle word weens hoogverraad aangekla. Hier is 'n tyd waar geskiedenis gemaak word en waar die toekoms van 'n volk gesmee word in die smeltkroes van lyding, gevaar en vervolging," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, voorverlede Woensdag op Fauresmith verklaar.**

In 'n verklaring wat hy voorgelees het, het dr. Van Rensburg melding gemaak van die behandeling wat politieke gevangenes in die Sentrale Gevangenis in Pretoria te verduro het, waar hulle soos skuldiges behandel word, hoewel volgens ons regstelsel 'n man vermoed word onskuldig te wees totdat sy skuld bewys word. Hulle het nie die reg om 'n regsadviseur privaat te spreek nie — 'n reg wat 'n kaffermisdadiger nie eers ontsê word nie. Hy het verwys na metodes wat aangewend word om verklarings van hulle te kry, **en daarop 'n plegtige belofte gedoen dat wanneer die wiel gedraai het, dit 'n gewetenskwessie vir die Afrikanerdom sal wees om die verantwoordelike amptenare dieselfde behandeling te laat ondergaan.**

**,,Ek doen hierdie belofte nie net in naam van daardie politieke gevangenes nie, maar van die georganiseerde Afrikanerdom wat agter hulle staan, en as ek nie daar is om dit uit te voer nie, weet ek wel dat ander Afrikaners hierdie belofte sal gestand hou," het die Kommandant-generaal beklemtoon.**

,,Jarelank het ons gesing: ,Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra,' en nou lyk dit of die offers gevra word. Wat die Ossewabrandwag betref — hy gaan sy woord gestand doen.

,,Ons nooi by voorbaat die angsvalliges en ontroues uit om die Beweging te verlaat, om ons in die steek te laat. Hulle sal wel klinkende redes vind, en hulle sal hul name in die koerant kry en daarmee ook 'n oomblikkie uit die vergetelheid gepluk word — om daarna weer in die vergetelheid te verdwyn, en veilig te wees.

,,Maar ons het 'n eed gesweer om ons mede-Afrikaner nie in die stryd te verlaat nie — daardie honderde Afrikaners in die gevangenisse nie in die stryd te verlaat nie — en ons gaan daardie eed hou. **En uit die manne en vrouens wat hul eed gehou het, gaan die nuwe Afrikanerdom gebou wees, sal ons volk uit die asse en modder weer verrys.**

,,Ons preek nie rebellie nie — ons weet dat baie van ons vyande juis wil hê dat ons rebellie-stories moet verkondig. Ons preek net die bereidwilligheid van die Afrikaner in die O.B. om die Republiek te dien duskant die tronk, binne die tronk en dwarsdeur tot anderkant die tronk.

### VAN DER WALT-VERKLARING

,,Ons in die Ossewabrandwag ken net een politieke vyand — die kapitalistiese imperialisme. En eers is ons ook net vanuit daardie kant aangeval. Maar later is hewige en venynige aanvalle vanuit die eie laer op ons geloods deur afgunstige party-politici. 'n Lasterveldtog van ongekende afmetings is deur hulle op tou gesit en die Ossewabrandwag en veral sy leiers is beskuldig van elke sonde op die register.

,,Veral, natuurlik, van verraad. Want die kanker om die verraaier in jou mede-Afrikaner te sien, het oral ingevreet en die man wat die hardste skreeu: ,verraaier,' meen dat hy die enigste getroue is. Hy skreeu om homself te oortuig dat hy nie ook een is nie.

,,Nou weer is daar die verklaring van Johannes van der Walt wat deur dr. Malan in die Parlement voorgelees is en toe persoonlik deur hom aan die Minister van Justisie oorhandig is. In verband hiermee het dr. Van Rensburg verwys na die vanselfsprekende en publieke onsin wat daarin vervat is.

,,Nietemin het ons dadelik dissiplinêr opgetree en op eie versoek is genl. Jerling van sy amp onthef, hangende 'n ondersoek. 'n Hof is dadelik benoem onder voorsitterskap van oud-regter-president Botha. Op die hof was ook genl. Slegtkamp, die held van Spioenkop. Iedereen wat wou getuienis gee, was vry om hom aan te meld.

**,,Dr. Malan is spesiaal versoek om in Kaapstad voor 'n kommissie te getuig. Wat was sy antwoord? ,Hy was nie geïnteresseerd in die rusies tussen O.B.-offisiere nie'. Hy was geïnteresseerd genoeg om modder vanuit die skuiling van die Parlement op 'n verdienstelike jong Afrikaner te gooi, maar nie genoeg om openlik en ridderlik buitekant die Parlement voor 'n hof van ondersoek te verskyn nie. Hy sal ons nie kwalik neem as ons sê wat hom ontbreek het, was nie ,geïnteresseerdheid' nie, maar die moed om by sy aantygings te staan.**

**,,Ons het dadelik die hof laat hou, en alle getuienis is onder eed gegee. Nie soos die partypolitici wat, nadat hulle die Afrikanereenheid van Monumentkoppie met Vrymesselaarsbriewe verskeur het, 'n kommissie van ondersoek aangestel het wat — sover ek weet — vandag nog nie publieke verslag gedoen het oor die onsmaaklike affêre nie. Nee, die partypolitici kom net met aantygings en modder, maar nooit is hulle bereid om die soeklig op hulle bewerings te laat val nie.**

,,Al kom 'n engel uit die hemel hier sal hulle — as hy in hul pad staan — teen hom skinder en vra hoekom hy nou eintlik die hemel moes verlaat. En as hulle nie ander dinge vind nie, sal hulle wel 'n Vrymesselaarsbrief teen hom ,ontdek' of 'n verklaring onder skuiling van die parlement teen hom slinger.


,,Nee, Goddank is die partystelsel met al sy venyn en geknoei dwarsdeur die wêreld in sy stuiptrekkings. Onder die mokerhoue van die nuwe bedeling sak hy vinnig inmekaar, ook in ons vaderland.

,,En die Afrikanerdom van môre en oormôre sal verbaas wees as hy moet lees wat mense nog in Februarie 1942 in koerante geskryf het, soos in Die Volksblad van 11 Februarie, bls. 4. Daar lui dit dat mnr. Ros Pretorius, ds. Holtzhausen en 175 lede bedank het o.a. omdat die leiers van die O.B. sou besig wees om die heiligste tradisies van die Nasionale Afrikanerdom, t.w. die Nasionale Party te ondermyn. **U sien hoever die partypolitiek ons volk al gebring het, as hy sy ,heiligste tradisies' in 'n politieke party sien.** Nie in die godsdienssin of die Afrikanerbloed nie, maar in 'n party! Van 'n leraar van die Kerk sou mens verwag dat hy sy heiligste tradisies in die diens van sy Kerk sien. Maar die Volksblad-berig praat van ,die heiligste tradisies, t.w. die Nasionale Party'.

,,So word ons beveg deur mede-Afrikaners terwyl ons in 'n worstelstryd met die handlangers van die Empire betrokke is. Oor die duisend Afrikaners is in hegtenis — politieke gevangenes — en daeliks kom daar meer. Hulle is die soldate van die Republiek.

**,,Ons het een hoofplig, elke man en elke vrou en elke kind in die Ossewabrandwag. En dit is om daardie soldate van die Republiek en hulle afhanklikes by te staan met raad en daad, om te sorg dat g'n Afrikanervrou en g'n Afrikanerkind honger en dors en koue ly omdat die broodwinner in die Empire se gevangenis sit nie,"** het dr. Van Rensburg besluit.

105 Takke 40,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE



REG VIR 'N GROTE!

Vir ware voldoening en tevredenheid het 'n mens nodig gesondheid en welvaart, sukses in sy strewe, 'n aangename tydverdryf en ontspanning, en 'n geruste gemoed — gerustheid dat daar nie net vir die hede gesorg is nie, maar ook vir die TOEKOMS.

'n Geruste toekoms word gewaarborg deur 'n **SANLAM-POLIS.**

SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

11-3511-1

# Aan die Penkoppe

Vandag gaan ons 'n bietjie gesels oor miere. Wie van julle het nog nie so 'n lang streep swart miertjies op die grond gesien nie? Seker nie een nie. As ons hierdie streep volg, merk ons dat dit doodloop by 'n miernes. Nou gebeur dit soms dat hierdie mierpad op een plek in twee splits. Dan lyk dit of dieselfde miere in twee paaie loop. Maar moenie glo nie. Dis glad nie dieselfde miere nie. Laat ons nou die paadjie volg wat so afsplits. Hy lei ook na 'n miernes toe. Nou sal ons dink dat die miere op twee verskillende plekke ingaan, maar dit is ook nie so nie.

Wat dink julle dan gebeur daar? Dit is al die tyd twee aparte mierneste wat deur twee aparte miere-swerms bewoon word. Dit is presies dieselfde soort miere. Ons kan sê die miere is van dieselfde ras net soos ons Afrikaners van dieselfde ras as die Hollanders, Duitsers of Franse is, wat almal aan die blanke Europese ras behoort. So 'n ras is egter verdeel in nasies — die Hollanders, die Duitsers en die Franse, en elke nasie het sy eie land waarin hy woon. So maak die miere ook. Hulle woon nie sommer deurmekaar nie, al behoort hulle tot dieselfde ras. Elke nasie miere het sy eie nes en al loop hulle soms in dieselfde paadjie na hul kos toe, draai hulle elkeen weer uit na sy eie nes toe.

So is dit ook met ons nasie, die Boerenasie. Hy het ook sy land waarin hy baas is. Hy sal saam met ander nasies werk waar dit nodig is, maar hy laat nooit toe dat die ander nasies saam met hom kom baasspeel in sy eie land nie. Hulle het mos ook hul eie land waar hulle kan woon. Dit beteken darem nie dat 'n mens ander nasies se mense in die pad steek as hulle in jou land wil kom woon nie. Nee, 'n ordentlike mens maak nie so nie. Daar het seker ook al vreemde mense by julle ouers se huis kom kuier. Vader en moeder is dan baie vriendelik vir hulle. Ons sal sê hulle is baie gasvry, maar hulle sal darem nooit toelaat dat daardie vreemde oom of tante in jul huis gaan baasspeel nie. O nee, solank as hulle op hul plek is, is hulle welkom, maar as hulle ongeskik word en sommer oral in die kamers instap en jul goed vir hulself vat, sal vader hulle gou-gou op hul plek sit. Maar geen ordentlike kuiermens sal ook soiets doen nie.

So moet ons nasie ook gasvry wees teenoor ordentlike vreemdelinge wat hier kom woon, maar hulle kan nie oor ons kom baasspeel nie.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydra in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

Erkenning van bydrae in ander provnisies sal later bekend gemaak word.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 797 | 1 | 10 |
| Kaapstad Vroue-Kommando, Lys No. 35 | 3 | 14 | 0 |
| Genl. H. M. Gildenhuys, Heidelberg K.P. | 6 | 0 | 0 |
| Strassburg Manne-Kommando, Lys No. 8 | 10 | 0 | 0 |
| Merweville Kommando | 5 | 5 | 0 |
| Vriend, Paarl | 5 | 0 | 0 |
| Vriend, Stellenbosch | 5 | 0 | 0 |
| Amandelboom Kommando, Williston | 14 | 0 | 0 |
| Dr. P. J. Badenhorst, Ceres | 10 | 0 | 0 |
| Kaapstad, Lys W.4, W5, en W.6. | 7 | 5 | 6 |
| Vryheidsdag, Bellville | 22 | 5 | 4½ |
| Totaal | £885-11-8½ | | |

DIE VOORTREKKERWINKEL
Eienaars: J. C. Fick en Kuhn.
Voorsien u van alle
KRUIDENIERSWARE
VOORTREKKERWEG - - - - PAROW.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
alle moderne geriewe
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
Ons Ontmoet alle Treine.
Kloofstraat, Kaapstad.

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.
Beste Heersende Pryse.
MINNAAR & VAN SCHOOR.
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON
OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat
BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.
DIE MODERNEWINKEL

AFRIKANERS LUISTER HIER:—
Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwaifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doeltreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:
UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE,
Posbus 32, ALEXANDRIA.

G. A. FICHARDT, BPK.
MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS
Foon 700 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814. | V I R | Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
VEEVOER (MIELIES-MIELIEMEEL-LUSERN).
Vra vir Kontrakvoorwaardes.
Mc Cormick Deering Landbouwerktuie.

HAVENGA SE MOTORS
Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC
MOTORKARRE
Goeie en billike bediening
Posbus 45 — CERES

SKOUBURG
Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
SATERDAG, 28 FEB.
om 3 en 8.15 n.m.
TEX RITTER
in
WHERE THE BUFFALO ROAM.
Voorprogram:
Ons Eie Program — Afrikaanse Klankfilm en Byprogram.
Plekbespreking by Uniewinkels.

GEMAALDE KRAALMIS
VIR eerlike bediening, bestel hamergemeulde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies teen 25/- per 11 sak ton, 10 ton en meer 24/- K.M.B., van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.
Of u 'n groot of klein boord aanplant, HERHOLDT'S se deskundige advies is gratis tot u beskikking. Bestel nou vir die Winter-planttyd. Vrugtesorterings aan ons keuse toevertrou, verseker die hoogste tevredenheid.
Beste vroeg tot laat soorte Perskes, Pruime, Appelkose, Nektariene, Tamatiepruime, Appels, Pere, Moerbei, ens.
Hierdie nuwe lofwaardige perskes behoort in elke tuin te wees: JUBILEUM, MAGNIFIKA (Rooivleis-taaipit), SUIKERBOSSIE, HERHOLDT'S X.B., VOORTREKKER en talle ander.
Keurige Roosversamelings, Palms, Sierbome. Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis.

TAFELAARTAPPELS
GOEIE Tafelaartappels £1 1s. per sak van 153 pond. Saadaartappels, eier- en okkerneutgrootte. Up-to-date £1 1s. per 153 pond. Kontant met bestelling.
A. J. BARNARD,
Rus-en-Vrede,
P.K. Balmoral,
Knysna.

## DOODBERIG

BOSHOFF.—Dit was die Heer se wil om die 9de Februarie 1942 van ons deur 'n weerligstraal weg te neem my dierbare eggenoot en ons dierbare pappie: Brandwag Izak Johannes Boshoff in die jeugdige ouderdom van slegs 33 jaar en 10 maande.

Ons innige dank aan Generaal en Komdte. Hansen vir persoonlike belangstelling en kranse van Standerton Hoofkommandantskap en Vrouekommandantskap.

Ons hartlike dank aan Hoofkommandant Uys vir die krans gelê namens die Wakkerstroomkommando.

Ons wens die Vroue-kommando te bedank vir die erewag wat hulle opgestel het. Die erewag wat op die saluut gestaan het terwyl die stoflike oorskot grafwaarts gedra is, het diep tot ons gespreek.

Nooit kan ons hom vergeet nie.

Die bedroefde eggenote en kindertjies,
BESSIE BOSHOFF,
PIKKIE en TINIE.

*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*